

ZS6SSC BULLETIN 11 FEBRUARIE 2018

Goeie more, hierdie is die maandelikse Bulletin vir ZS6SSC, Die Suidelike Voorstede Radio Amateur Klub, vandag 11 Februarie 2018, aangebied deur ZR6AUI – Christo Greyling en saamgestel deur ZS6WC – Willie Wright

Die ZS6SSC bulletin word op die 2de Sondag van elke maand uitgesaai. U kan ook die bulletin besigtig op die webtuiste www.zs6ssc.co.za

Hierdie bulletin word uitgesaai op 145.7875 MHz, met die vriendelike vergunning van ZS6HVB, Die Hoëveld Klub.

Daar is ook 'n herleiding op 439.125MHz met 'n 88.5Hz toon. Neem asb ook kennis dat daar 'n tydskakelaar aktief is en dus sal die bulletin elke 2 minute onderbreek word.

In die Bulletin vandag:

1. Gebruik van Klub herhaler
2. ZS6SSC Klub vergaderings en byeenkomste
3. Toekomstige Klub aktiwiteite
4. Deel 2: Aarding van installasies
5. Inroep op 2m en 70cm

1. Gebruik van Klub herhaler

Maak gebruik van die Klub herhaler – 439.125MHz met 88.5Hz toon. Lede en alle radio amateurs wat toerusting besit wat dit moontlik maak om die herhaler te sneller word uitgenooi om die herhaler te gebruik. Gebruik asseblief die herhaler so veel as moontlik.

Indien U die herhaler kan sneller vanaf U tuis stasie of mobiel – doen so. Sou U nie regkom nie, laat weet ons waar U geleë is en ons kan kyk watse oplossing is moontlik.

U benodig 'n vertikale antenna met wins – afhangende van U ligging of dalk 'n vertikale gepolariseerde Yagi, 'n 5/8 of 'colinear'. Gebruik soveel krag as wat nodig is. 10W of 100W – moenie bekommerd wees of U dalk die herhaler sal beskadig nie.

Vermyn hoë Staande Golwe aangesien dit jou sender sal beskadig. Optimaliseer jou antenna om die beste Staande Golwe te besit op die herhaler se inset frekwensie (431.525MHz) Maak seker U toets die Staande Golwe op lae en hoë krag verstellings.

2. ZS6SSC Klub vergaderings en byeenkomste

Ons sou graag 'n sentrale bymekaar kom plek wou hê, waar Die Suidelike Voorstede Radio Amateur Klub gereelde byeenkomste kan hou. Verkieslik nie by iemand se huis nie.

Indien U enige voorstelle en/of idees het – kontak die Sekretaris – WillieWright by [zs6wc\(by\)vodamail.co.za](mailto:zs6wc(by)vodamail.co.za) of deur die ZS6SSC webtuiste.

3. Toekomstige Klub aktiwiteite

Het U enige voorstelle wat deelname sal motiveer?

- Ons het 'n voorstel gekry vir 'n Jakkalsjag 'Fox Hunt'. 'n Amateur kruip weg iewers in die suide van Johannesburg of omliggende gebied met 'n 145MHz of 432MHz sender en almal probeer hom opspoor. Die 1ste opspoorder sal dan die volgende Jakkals wees.
Hierdie is goeie oefening om 'kerchunkers', ongelensieerde operateurs en/of 'jammers' op te spoor. David ZR6DLG het getoetste bordjies wat gebruik kan word op 70cm of 2m en wat baie goed werk. Kontak hom asb deur die webtuiste vir navrae.
- Slegs FM BHF/SHF kompetisie
- Weeklikse HF net
- Weeklikse SHF net
- ZS6SSC toekennings en kompetisies
- 160m toekennings
- 80m toekennings
- Klub stasie aktiwiteite (Enige geregistreerde lid kan in 'n kompetisie deelneem as ZS6SSC – laat weet asseblief net vooraf die Bestuur daarvan)
- Wie kan hulp verleen met vertaling van Engelse Bulletin na Afrikaans – die idee is om die een bulletin te lees op die Sondag soos normal en die ander op die 1ste Woensdag daarna OF albei bulletins op dieselfde dag en dan 1 stel inroep daarna – gee asb U insette.

4. Deel 2: Aarding van installasies

Lugdraad Installasie

❖ Roteerders

- Meeste lugdraad torings het 'n roteerder gemonteer om direksionele lugdrade te roteer. Daar moet 'n goeie elektriese verbinding wees tussen die mas en die toring self. Gebruik dieselfde tipe geleier soos voorheen genoem in Deel 1. Die geleier sal die pad van minste weerstand bied vir die hoëspanning en moontlik die roteerder sy-stap.
- Multi terminaal, manlike en vroulike proppe is beskikbaar vanaf Elektroniese verskaffers en moet verkieslik gebruik word. Dit sal jou in staat stel om die roteerder te ontkoppel indien swaar weer voorkom.

❖ Lugdraad keuse en Installasie

- Waar moontlik maak gebruik van 'n GS gegronde lugdraad. Hierdie tipe lugdraad is by ontwerp elektries neutral (geen potensiaal verskil), maar dit hang alles af van die verbinding met grond. Dit is belangrik dat die lugdraad ordentlik ge-aard is. Moenie alleenlik staatmaak op die meganiese verbinding van die lugdraad klamp en die mas bokant die roteerder nie.
- Maak soliede meganiese verbindings / koppelings wat nie sal verswak agv wind vibrasie nie. Maak gebruik van vlek vrye staal 'ny-locks'. Goeie GS verbindings sal goeie geleiding verseker.

❖ Koaks kables en proppe

- Die skerm geleier moet gegronde word by die punt van ingang na die hok. Dit word gedoen deur 'n glas paneel van 'n venster te vervang met 'n aluminium paneel wat gekoppel is aan die toring se bestaande aarding stelsel.
- Gate word geboor om tunnel sokke te huisves. Die moere wat die tunnel sokke vashou moet sluitwasters hê om goeie verbinding te verseker tussen die koaks skerm en grond.
- Bogenoemde stel jou in staat om al die lugdraad kables te ontkoppel indien swaar weer opsteek of die toring dalk gesak moet word vir onderhoud.

Basiese Toring en lugdraad aarding vir beskerming van statiese en indirekte weerlig slae – Nie RF grond nie – is Opgestel, nagevors en geskryf deur William Wright ZS6WC

Indien U enige inligting benodig mbt Suidelike Voorstede Radio Amateur Klub of indien U enige nuus of inligting het wat U ingesluit wil hê in die volgende bulletin, stuur dit asb na die Sekretaris:
zs6wc(by)vodamail.co.za

Besoek gerus ons webtuiste www.zs6ssc.co.za vir Lidmaatskap aansoek vorms en Klub inligting

Dit bring ons bulletin tot 'n einde en ons hoop U het goeie ontvangs gehad. Dankie dat U ingeluister het

5. Inroepe op 2m and 70cm

2m - Inroepe

.....
.....
.....
.....

70cm - Inroepe

.....
.....
.....
.....
.....

Dit bring ons aan die einde van die na-bulletin net, dankie dat U ingeskakel het

Ons stel die frekwensies nou oop vir algemene gebruik

Sterkte vir die week wat voorlê en wees veilig asb

Totsiens